ProEthics™
Promoting professional ethics

134 Muckleneuk Street West
Nieuw Muckleneuk Pretoria 0181
PO Box 35362 Menlo Park 0102
Telephone: +27 12 452 3500
E-mail: info@proethics.co.za
VAT no: 4790242426

CONFIDENTIAL

Sake Beeld: 05 Sep 2011, 14:49

MAATSKAPPYE SAL IN SPORE MOET TRAP

Johannesburg. - Met die regulatoriese strop wat stywer trek, lyk dit of die dae van korporatiewe geheimhouding oor is, sê Dr Janette Minnaar-van Veijeren van die Ethics Institute.

Sy het op die jaarlikse konferensie van die Compliance Institute SA gesê in terme van onder meer die nuwe maatskappy-wet sal “onetiese en kriminele optrede deur maatskappye, hul werknemers en agente - waaronder verskaffers - nie meer geduld word nie”.

Art. 69 (8) van die nuwe wet bevat onder meer ’n lys van omstandighede van bedrog, wanvoorstelling of oneerlikheid ingevolge waarvan direkteure verantwoordelik gehou sal kan word.

Art. 29 (6) bepaal voorts iemand wat misleidende finansiële inligting voorberei of publiseer, sal skuldig aan ’n misdryf wees.

Voorts bepaal art. 43 van die maatskappye-regulasies van 2011 dat alle genoteerde maatskappye, maatskappye in staatseiendom en elke maatskappy met ’n openbare belang-telling van meer as 500 ’n sosiale en etiese komitee moet hê.

Sy sê: “Dit dek groter maatskappye - maatskappye met meer as 500 werknemers of ’n omset met meer as R500 miljoen per jaar.”

Minnaar-van Veijeren sê so ’n komitee sal die maatskappye se optredes dophou en aan die direksie verslag doen oor ’n lang lys dinge.

Sy sê daar is voorts ook die King III-vereistes wat sê dat alle direksie-besluite en besluite van die uitvoerende bestuur eties moet wees.

“Terwyl die King-voorskifte geen sanksie het nie, sal die direksies en besture aan hul aandeelhouers verantwoording moet doen. Reputasies sal in die spel wees.” - I-Net Bridge.

Dr Janette Minnaar-van Veijeren I Stigter van ProEthics

T: +27 12 452-3500 **I** E: janette@proethics.co.za